**4 Februarie** **Skrifgedeelte: Markus 4:35-41**
**HK, Vraag 35**

## Hy kom van God af

Jesus was nie meer ’n totaal onbekende vir sy dissipels toe die storm op die see plaasgevind het nie. Hulle was toe al ’n tyd lank saam met Hom en het al heelwat van Hom geleer. Tog roep hulle, nadat Hy die storm stilgemaak het, in verwondering uit: “Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?”

Daar is iets van hierdie verwondering in ons belydenis oor Jesus Christus. Ons kan Hom nie peil nie.

Hý kom van God af. Hý is die Seun van God. Hý het ware mens geword en op so ’n manier dat die sondeketting gebreek is. Hy het aan ons in alles gelyk geword, selfs “… in dieselfde gestalte as die sondige mens” (Rom 8:3), maar sonder sonde.

Dit is vandag mode om Jesus te sien as ’n gewone mens. ’n Baie besondere mens, ja, iemand wat nou nog inspireer, maar niks meer as dit nie. Hy staan in die ry van besondere mense, profete en groot geeste wat daar deur die eeue was. Hy is een van die vele wegwysers na God toe en kan as sodanig vereer word, maar Hy moet nie aanbid word nie.

Die Bybel, egter, wil juis verwondering oor Jesus Christus by ons opwek. Dit is die verwondering dat ons Hom nie kan peil, met ons verstand kan ontleed nie. Dit is die verwondering wat tot aanbidding lei: Wie is Hy tog wat ook vir my Mens geword het om my van die sonde te verlos?

*Sing: Skrifberyming 7-1:1* *Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~